<i>Chenopodium murale</i>	Muurhondebossie	<i>Panicum maximum</i> ⁽¹⁾⁽²⁾	Gewone buffelsgras
<i>Cirsium arvense</i>	Kanada-dissel	<i>Panicum schinzii</i>	Soetbuffelsgras
<i>Citrullus lanatus</i>	Karkoer	<i>Paspalum urvillei</i> ⁽²⁾	Langbeen-paspalum
<i>Cleome gynandra</i> ⁽²⁾	Snotterbelletjie	<i>Phalaris canariensis</i>	Kanariegras
<i>Commelinia benghalensis</i> ⁽¹⁾⁽²⁾	Wandelende Jood	<i>Phalaris minor</i>	Kleinsaad kanariegras

TABEL 1 (vervolg)

GROEI STADIUM VAN EENJARIGE ONKRUIDE		MAMBA* DMA 480 SL DOSIS	
1 – 12 blaar		0,75 – 1,2 λ/ha	
12 blaar tot voor blom		1,2 – 2,4 λ/ha	
Blom		2,4 – 4,0 λ/ha	
BREEBLAARONKRUIDE		GRASSE	
ONKRUID	GEWONE NAAM	ONKRUID	GEWONE NAAM
<i>Coronopus didimus</i>	Peperkruid	<i>Poa annua</i>	Wintergras
<i>Cotula tenella</i>	-	<i>Rhynchoselytrum repens</i>	Natalse rooipluim
<i>Crotalaria sphaerocarpa</i>	Mielie Crotalaria	<i>Secale cereale</i>	Rog
<i>Cucumis spp.</i>	Wildekomkommer	<i>Setaria pallide-fusca</i>	Rooiborselgras
<i>Datura ferox</i>	Grootstinkblaar	<i>Setaria verticillata</i>	Klitsborselgras
<i>Datura stramonium</i>	Stinkblaar	<i>Tetragonia caesia</i>	-
<i>Echium lycopsis</i> ⁽²⁾	Pers-Echium	<i>Tragus racemosus</i>	Grootwortelsaadgras
<i>Emex australis</i>	Kaapse dubbeltjie	<i>Triticum aestivum</i>	Opslagkoring
<i>Flaveria bidentis</i> ⁽¹⁾⁽²⁾	Smeltersbos	<i>Urochloa panicoides</i> ⁽²⁾	Beesgras
<i>Fumaria muralis</i>	Duiwelkerwel	<i>Zea mays</i> ⁽³⁾	Opslagmielies
<i>Galinsoga parviflora</i>	Knopkruid		
<i>Gisekia pharnacioides</i> ⁽¹⁾	Gisekia		
<i>Gnaphalium subfalcatum</i>	Roerkruid		
<i>Hibiscus cannabinus</i>	Wildestokroos		
<i>Hibiscus trionum</i>	Terblansbossie		
<i>Hypochoeris radicata</i> ⁽²⁾	Skaapslaai		
<i>Lepidium africanum</i>	Peperbossie		
<i>Medicago polymorpha</i>	Kitsklawer		
<i>Oxalis pes-capre</i>	Geelsuring		
<i>Pentzia grandiflora</i>	Stinkkruid		
<i>Portulaca oleracea</i> ⁽¹⁾	Gewone porslein		
<i>Pseudognaphalium luteo-album</i>	Roerkruid		
<i>Pseudognaphalium undulatum</i>	Groenbossie		
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Ramenas		
<i>Schkuria pinnata</i>	Kleinkakiebos		
<i>Senecio burchellii</i>	Geelgifbossie		
<i>Senecio consanguineus</i>	Hongerbossenecio		
<i>Senecio pterophorus</i>	Perdegifbos		
<i>Sesamum triphyllum</i>	Wildsesam		
<i>Sida cordifolia</i> ⁽²⁾	Hartblaartaaiman		
<i>Solanum nigrum</i> ⁽²⁾	Nastergal		
<i>Sonchus oleraceus</i> ⁽²⁾	Gewone sydissel		
<i>Spergula arvensis</i>	Sporrie		
<i>Tagetes minuta</i>	Kakiebos		
<i>Taraxacum officinale</i>	Perdeblom		
<i>Tribulus terrestris</i> ⁽¹⁾	Dubbeltjie		
<i>Verbena officinalis</i> ⁽²⁾	Europese Verbena		
<i>Veronica spp.</i>	Veronica		

VOETNOTAS AAN TABEL 1:

- (1) Wisselvallige beheer van hierdie onkruide mag verwag word.
- (2) Vir hierdie onkruide gebruik 'n minimum dosis van 2,4 λ **MAMBA* DMA 480 SL** /ha vir kleiner onkruide onder optimum toestande, verhoog tot by 4,0 λ/ha vir groter onkruide.
- (3) **MAMBA* DMA 480 SL** sal nie opslagmielies wat glifosaat verdraagsaam is, beheer nie. GALLANT* SUPER (L4962) mag alleen of in tenkmengsel met **MAMBA* DMA 480 SL** gebruik word om glifosaat verdraagsame opslagmielies te beheer, Volg die etiketaanwysings van GALLANT* SUPER noukeurig insluitend wagperiodes tot opvolgewasse aangeplant mag word.

TABEL 2: TWEEJARIGE- EN MEERJARIGE ONKRUIDE EN SEKERE EENJARIGE ONKRUIDE NIE GELYNS IN TABEL 1 NIE.

LET WEL: 1) Na die aanvanklike toediening van **MAMBA* DMA 480 SL** teen die aanbevole ℓ / ha dosis of % oplossing, volg op soos benodig met óf 'n breedwerpige behandeling óf 'n kolbespuiting teen die dosis wat daarvoor aanbeveel word.

2) Waar 'n aanbeveling gemaak word om 'n mengsel met 'n komplementêre onkruiddoder te maak, moet die gebruik daarvan alleenlik tot gewasse waarop sodanige produk geregistreer is, beperk word en die etiket aanbevelings van beide **MAMBA* DMA 480 SL** en die komplementêre onkruiddoder moet volledig nagekom word.

ONKRUID	GEWONE NAAM	MAMBA* DMA 480 SL DOSIS		MAMBA* DMA 480 SL % OPLOSSING		OPMERKINGS
		AAN-VANKLIK	OPVOLG	AAN-VANKLIK	OPVOLG	
		ℓ/ha	ℓ/ha	%	%	
<i>Convolvulus arvensis</i>	Akkerwinde	4,5	2,2	2,2	1,1	Dien toe sodra begin blom Opvolgbespuiting op hergroei.
<i>Conyza spp.</i>	Skraalhans	2,2	2,2	1,1	1,1	Eenjarige onkruide. Wisselvallige beheer van hierdie onkruide kan verwag word. Gebruik 'n tenkmengsel met AURORA 40 WG soos op die AURORA 40 WG etiket aanbeveel, alleenlik vir gewasse op die AURORA 40 WG etiket gelys. 'n Tenkmengsel met 0,5 λ 2,4-D Amine 480 SL / ha OF 0,5 λ MCPA 400 SL / ha OF 350 mλ 2,4-D Ester 500 EC / ha sal ook beheer verbeter.
<i>Cynodon dactylon</i> (Somer reënval gebied)	Kweek	4,5	3,0	2,2	1,5	Dien toe in Herfs, opgevolg in Somer met bespuiting op hergroei OF Dien toe in Somer, opgevolg in Herfs met bespuiting op hergroei.
<i>Cynodon dactylon</i> (Winter reënval gebied)	Kweek	7,0		3,5		Dien 7,0 ℓ/ha in die Herfs, voordat ryp voorkom, toe.

TABEL 2: TWEEJARIGE- EN MEERJARIGE ONKRUIDE EN SEKERE EENJARIGE ONKRUIDE NIE GELYNS IN TABEL 1 NIE. (verv.).

ONKRUID	GEWONE NAAM	MAMBA* DMA 480 SL DOSIS		MAMBA* DMA 480 SL % OPLOSSING		OPMERKINGS
		AAN-VANKLIK	OPVOLG	AAN-VANKLIK	OPVOLG	
		ℓ/ha	ℓ/ha	%	%	
<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie	4,5	2,2	2,2	1,1	Dien toe tydens blom en volg op met 'n opvolgbehandeling op hergroei in Februarie/Maart. Verdere opvolgbehandelings sal nodig wees om daaropvolgende opkomende plante of hergroei van bestaande plante te beheer.
<i>Cyperus rotundus</i>	Rooiuintjie	4,5	2,2	2,2	1,1	Dien toe tydens blom en volg op met 'n opvolgbehandeling op hergroei in Februarie/Maart. Verdere opvolgbehandelings sal nodig wees om daaropvolgende opkomende plante of hergroei van bestaande plante te beheer.
<i>Eragrostis curvula</i>	Oulands-gras	2,2	1,5	1,1	0,75	Spuit in volwasse stadium, maar voor begin van rusfase.
<i>Erodium moschatum</i>	Turksnael	2,2	2,2	1,1	1,1	Eenjarige onkruid: Dien toe alleenlik in Winter op jong aktiegroeide onkruide. Dien toe voor bot van gewas. Voeg gesikte mengvenootproduk soos MCPA 400 SL of SIMAZINE 500 SC by soos op daardie etikette aanbeveel. Vir voorplanttoedienings mag 'n tenkmengsel met 'n maksimum dosis van 1,5 ℥ 2,4-D AMINE 480 SL / ha toegedien word. Toediening van so 'n 2,4-D AMINE 480 SL tenkmengsel moet gevolg word deur 'n wagperiode van 10 dae voordat koring, mielies of grasweidings geplant mag word, en deur 'n wagperiode van 21 dae voordat kanola of breeblaarweidings soos medics of lusern geplant mag word.

TABEL 2: TWEEJARIGE- EN MEERJARIGE ONKRUIDE EN SEKERE EENJARIGE ONKRUIDE NIE GELYNS IN TABEL 1 NIE. (verv.)

ONKRUID	GEWONE NAAM	MAMBA* DMA 480 SL DOSIS		MAMBA* DMA 480 SL % OPLOSSING		OPMERKINGS
		AAN-VANKLIK	OPVOLG	AAN-VANKLIK	OPVOLG	
		ℓ/ha	ℓ/ha	%	%	
<i>Ipomoea purpurea</i>	Purperwinde	2,2	2,2	1,1	1,1	Eenjarige onkruid. Gebruik 'n tenkmengsel met 3,0 – 4,0 ℓ MCPA 400 SL / ha om verbeterde beheer te verkry, voordat bot van gewas plaasvind. Vir voorplanttoedienings mag 'n tenkmengsel met 'n maksimum dosis van 1,5 ℓ 2,4-D AMINE 480 SL / ha toegegden word. Toediening van so 'n 2,4-D AMINE 480 SL tenkmengsel moet gevolg word deur 'n wagperiode van 10 dae voordat koring, mielies of grasweidings geplant mag word, en deur 'n wagperiode van 21 dae voordat kanola of breëblaarweidings soos medics of lusern geplant mag word.
<i>Lactuca serriola</i>	Wildeslaai	2,2	2,2	1,1	1,1	Volg op, op hergroei soos benodig.
<i>Lolium spp</i> wat weerstand-biedend aan glifosaat is.	Raaigras spp.	2,2	1,5			Dien toe alleenlik gedurende Winter, voor einde Julie in kombinasie met óf KERB 500 WP óf GALLANT SUPER.
<i>Malva parviflora</i>	Kiesieblaar	2,2	2,2	1,1	1,1	Dien toe voor blom alleenlik in tenkmengsels met aanbevole dosis van 'n gesikte mengvennootproduk soos AURORA 40 WG; MCPA 400 SL SIMAZINE 500 SC of SANZO 780 WP soos op daardie etikette aanbeveel. Vir voorplanttoedienings mag 'n tenkmengsel met 'n maksimum dosis van 1,5 ℓ 2,4-D AMINE 480 SL / ha toegegden word. Toediening van so 'n 2,4-D AMINE 480 SL tenkmengsel moet gevolg word deur 'n wagperiode van 10 dae voordat koring, mielies of grasweidings geplant mag word, en deur 'n wagperiode van 21 dae voordat kanola of breëblaarweidings soos medics of lusern geplant mag word.

TABEL 2: TWEEJARIGE- EN MEERJARIGE ONKRUIDE EN SEKERE EENJARIGE ONKRUIDE NIE GELYNS IN TABEL 1 NIE. (verv.)

ONKRUID	GEWONE NAAM	MAMBA* DMA 480 SL DOSIS		MAMBA* DMA 480 SL % OPLOSSING		OPMERKINGS
		AAN-VANKLIK	OPVOLG	AAN-VANKLIK	OPVOLG	
		ℓ/ha	ℓ/ha	%	%	
<i>Oenothera stricta</i>	Nagblom	2,2	2,2	1,1	1,1	Dien toe voor 12-blaarstadium alleenlik in 'n tenkmengsel met die aanbevole dosis simazine soos op daardie etiket voorgeskryf.
<i>Panicum maximum</i>	Gewone buffelsgras	4,5	2,2	2,2	1,1	Volg op, op hergroei soos benodig.
<i>Paspalum dilatatum</i>	Polpaspalum	4,5	2,2	2,2	1,1	Dien toe met blom, maar voor saadval. Volg op op hergroei.
<i>Paspalum paspalodes</i> <i>(Somer reënvalgebied)</i>	Kweek-paspalum	6,0	3,0	3,0	1,5	Dien toe met blom, maar voor saadval. Volg op op hergroei.
<i>Paspalum paspalodes</i> <i>(Winter reënvalgebied)</i>	Kweekpas-palum	7,0	3,5	3,5	1,8	Dien toe met blom, maar voor saadval. Dien toe in die Herfs, maar voordat ryp voorkom. Opvolgbespuiting op hergroei.
<i>Pennisetum clandestinum</i>	Kikuyu	3,0	2,2	1,5	1,1	Dien toe op aktiewe groei in Somer (Somer reënvalgebied) of in die Herfs voor enige ryp (Winter reënvalgebied). Opvolgbespuiting op hergroei.
<i>Phytolacca heptandra</i>	Boesmandruwe	2,2	2,2	1,1	1,1	Spuit tot 1 m hoogte
<i>Plantago lanceolata</i>	Smalweëblaar	2,2	2,2	1,1	1,1	Dien toe alleenlik voor blom op jong aktiefgroeiende onkruide. Mag in tenkmengsel, soos op MCPA 400 SL etiket aanbeveel, toegedien word. Vir voorplant toedienings mag 'n tenkmengsel met 'n maksimum dosis van 1,5 ℥ 2,4-D AMINE 480 SL / ha toegedien word. Toediening van so 'n 2,4-D AMINE 480 SL tenkmengsel moet gevolg word deur 'n wagperiode van 10 dae voordat koring, mielies of grasweidings geplant mag word, en deur 'n wagperiode van 21 dae voordat kanola of breëblaarweidings soos medics of lusern geplant mag word.

TABEL 2: TWEEJARIGE- EN MEERJARIGE ONKRUIDE EN SEKERE EENJARIGE ONKRUIDE NIE GELYNS IN TABEL 1 NIE. (verv.)

ONKRUID	GEWONE NAAM	MAMBA* DMA 480 SL DOSIS		MAMBA* DMA 480 SL % OPLOSSING		OPMERKINGS
		AAN-VANKLIK	OPVOLG	AAN-VANKLIK	OPVOLG	
		ℓ/ha	ℓ/ha	%	%	
<i>Polygonum aviculare</i>	Voëlduisend-knoop	1,5	1,5	0,75	0,75	Dien toe alleenlik in 'n tenkmengsel soos op MCPA 400 SL etiket aanbeveel word, voor bot van gewas.
						Vir voorplanttoedienings mag 'n tenkmengsel met 'n maksimum dosis van 1,5 ℓ 2,4-D AMINE 480 SL / ha toegedien word. Toediening van so 'n 2,4-D AMINE 480 SL tenkmengsel moet gevolg word deur 'n wagperiode van 10 dae voordat koring, mielies of grasweidings geplant mag word, en deur 'n wagperiode van 21 dae voordat kanola of breëblaarweidings soos medics of lusern geplant mag word.
<i>Rumex spp.</i>	Steenbok-suring	2,2	2,2	1,1	1,1	Dien toe voor blom.
<i>Setaria chevalieri</i>	Breëblaar-setaria	4,5	2,2	2,2	1,1	Rugsakspuit.
				3,0	1,5	Newelblaser.
<i>Sorghum bicolor spp. drummondii</i>	Gewone wilde-sorghum	2,2	2,2	1,1	1,1	Spuit met welige groei. Behandel enige hergroei.
<i>Sorghum halepense</i>	Johnson gras	3,0	2,2	1,5	1,1	Spuit in blomstadium en volg op met herbehandeling op enige hergroei.
<i>Stipa trichotoma</i>	Nasella polgras	4,5	4,5	1,5	1,5	Gebruik hoë volume 400 ℓ / ha totale sputmengsel. Kolbespuit hergroei of bespuit vroeg in Lente met 1,5 % oplossing.

TABEL 2: TWEEJARIGE- EN MEERJARIGE ONKRUIDE EN SEKERE EENJARIGE ONKRUIDE NIE GELYNS IN TABEL 1 NIE. (verv.)

ONKRUID	GEWONE NAAM	MAMBA* DMA 480 SL DOSIS		MAMBA* DMA 480 SL % OPLOSSING		OPMERKINGS
		AAN-VANKLIK	OPVOLG	AAN-VANKLIK	OPVOLG	
		ℓ/ha	ℓ/ha	%	%	
<i>Urtica dioica</i>	Brandnetel	2,2	2,2	1,1	1,1	Dien toe alleenlik op jong onkruide in 'n tenkmengsel soos op AURORA 40 WG etiket aanbeveel word, voor bot van gewas. Vir voorplanttoedienings mag 'n tenkmengsel met 'n maksimum dosis van 1,5 ℓ 2,4-D AMINE 480 SL / ha toege dien word. Toediening van so 'n 2,4-D AMINE 480 SL tenkmengsel moet gevolg word deur 'n wagperiode van 10 dae voordat koring, mielies of grasweidings geplant mag word, en deur 'n wagperiode van 21 dae voordat kanola of breëblaarweidings soos medics of lusern geplant mag word.



TABLE 3: WATERONKRUIDE

ONKRUID	GEWONE NAAM	MAMBA* DMA 480 SL DOSIS		MAMBA* DMA 480 SL % OPLOSSING		OPMERKINGS	
		AAN-VANKLIK	OPVOLG	AAN-VANKLIK	OPVOLG		
		ℓ/ha	ℓ/ha	%	%		
<i>Eichornia crassipes</i>	Water-hiasint					Dien MAMBA* DMA 480 SL toe teen dosisse gelys onder per toedieningsmetode wanneer nuwer blare maksimaal sigbaar is. Volg op met gereelde opvolgbehandelings om her-infestasie te verhoed.	
		4,5	4,5	2,2	2,2	Hoëdruk spuite gemonteer op bote of voertuie of rugsakspuite.	
				3,0	3,0	Newelblaser toediening.	
		4,5	4,5			Lugtoediening.	
<i>Phragmites australis</i>	Fluitjiesriet					Dien MAMBA* DMA 480 SL toe teen dosisse gelys onder per toedieningsmetode op 20 tot 30 % blomstadium. Die digte groeiwyse en ongelyke groeistadiums mag goeie spuitbedekking verhinder. Opvolgbehandelings sal normaalweg benodig word. Kap dooie materiaal en / of hergroei af en bespuit daaropvolgende hergroei, in dieselfde of daaropvolgende seisoen, sodra 45 cm in hoogte.	
		11,0 – 22,5	11,0 – 16,5	1,1 – 1,5	1,1	Hoëdruk spuite gemonteer op bote of voertuie of rugsakspuite. Meng 'n spuitoplossing van 1,1 tot 1,5 % konsentrasie. Dien tussen 1000 tot 1500 ℓ spuitmengsel per hektaar toe.	
				3,0	3,0	Newelblaser toediening.	
		11,0	11,0			Lugtoediening.	
LET WEL: LUGTOEDIENING:							
<p>MAMBA* DMA 480 SL mag aan besmettings van wateronkruide, waar toestande dit toelaat, toegedien word. Spuitmengsel volumes van 30 tot 50 ℓ / ha moet gebruik word. Die toedienings moet die produk volume van MAMBA* DMA 480 SL soos aanbeveel in liters / ha lewer. Sulke toedienings moet volgens alle etiketaanwysings geskied en alle etiket waarskuwings en voorsorgmaatreëls moet in ag geneem word en nagekom word. Uiterste sorg en alle stappe benodig moet geneem word om te verseker dat geen nie-teiken direkte spuit of wegdrywing plaasvind nie.</p>							

TABLE 4: HOUTAGTIGE ONKRUIDE

ONKRUID	GEWONE NAAM	MAMBA* DMA 480 SL DOSIS		MAMBA* DMA 480 SL % OPLOSSING		OPMERKINGS
		AAN-VANKLIK	OPVOLG	AAN-VANKLIK	OPVOLG	
		ℓ/ha	ℓ/ha	%	%	
<i>Acacia dealbata</i>	Silwer wattel			15		Dien toe gedurende groeiseisoen van boom. Byvoeging van 'n gesikte kleurstof tot die spuitmengsel vergemaklik toediening en kontrole. AFGEKAPTE STOMP: Dien die produk toe op die vars gekapte stomp (binne 30 minute) tot die punt van afloop. Kap stompe af so na moontlik aan die grond – niks meer as 25 cm bo die grondoppervlakte nie. KRAAGBEHANDELING: Die kraag moet reg rondom die boom gemaak word. Sny deur die bas tot by die kambiumlaag. Maak die kraag so laag moontlik op die stam – niks meer as 25 cm bo die grondoppervlak nie. Dien die produk toe binne 30 minute na die kraag om die stam gemaak is.
<i>Acacia mearnsii</i>	Swart wattel	2,2	2,2	1,1	1,1	Spuit tot 1 m hoogte.
<i>Acacia saligna</i>	Port Jackson wilger					SLEGS VIR SAAILINGE:
		2,2	2,2	1,1	1,1	Tweeblaarstadion.
<i>Caesalpinia decapetala</i>	Mauritius doring	2,2	2,2	1,1	1,1	Tot 60 cm hoogte Spuit tot 1 m hoogte.
<i>Chromolaena odorata</i>	Eupatorium	2,2	2,2	1,1	1,1	Kap gevestigde plante af en laat hergroei tot tot tussen 50 en 120 cm. Bespuit dan hergroei. Verseker volledige bedekking op blare. Vorige gekapte meerstammige plante mag 'n verdere behandeling vereis.

TABLE 4: HOUTAGTIGE ONKRUIDE (verv.)

ONKRUID	GEWONE NAAM	MAMBA* DMA 480 SL DOSIS		MAMBA* DMA 480 SL % OPLOSSING		OPMERKINGS
		AAN-VANKLIK	OPVOLG	AAN-VANKLIK	OPVOLG	
		ℓ/ha	ℓ/ha	%	%	
<i>Lantana camara</i>	Lantana	4,5	4,5	2,2	2,2	Rugsakspuit
		6,0	6,0	3,0	3,0	Newelblaser toediening.
<i>Mimosa pigra</i>	Raak-my-nie	4,5	4,5	2,2	2,2	Sny af, bespuit hergroei en/of saailinge tot op 1 m hoogte.
<i>Rubus spp.</i>	Braam	4,5	2,2	2,2	1,1	Rugsakspuit.
		3,0	3,0	1,5	1,5	Newelblaser toediening.
<i>Sesbania punicea</i>	Sesbania	2,2	2,2	1,1	1,1	Saailinge tot 1 m hoogte.
		3,0	3,0	1,5	1,5	Saailinge hoër as 1 m.
		3,0	3,0	1,5	1,5	Struike en / of hoë bome: Sny af, bespuit hergroei op 1 m hoogte.
<i>Solanum mauritianum</i>	Luisboom			0,4		Saailinge tot 1 m hoogte.
		2,2	2,2	1,1	1,1	Groot bome: Kap stamme terug tot tussen 5 en 20 cm hoogte. Spuit wanneer hergroei op kniehoogte is.

TABEL 5: BOSBOU

GEBRUIK	DOSIS	OPMERKINGS
BOSBOU - VERSKEIE GEBRUIKE	Sien Tabelle 1, 2 en 4	<ul style="list-style-type: none"> Vir die vestiging van vuurbane, (Algeheel of brandstroke) Voor-plant stroke in onversteurde veld. Na-oes voor-plant skoonmaak. Wattelhervestiging. Beheer van eenjarige-, meerjarige-, skadelike-, indringer- en probleemonkruid.
BLOEKOMSTOMP-UITWISSING	4 % oplossing	Enkelstamstompe (geen hergroei plaasgevind): Dien ± 50 ml oplossing vir volledige benatting toe veral op die kambiumarea (waar die bas en hout ontmoet).
	6 % oplossing	Meervoudige stamstompe (stompe wat reeds hergroei het): Dien ± 100 ml oplossing vir volledige benatting toe veral op die kambiumarea (waar die bas en hout ontmoet).

TOEDIENINGSMETODE VIR 4 % EN 6 % OPLOSSINGS:

- Gebruik 'n laedrukruksakspuit met holkeëlspuitpunte vir volledige stompbenutting. Dien toe nadat die bome afgesaag en die saagsels op die oppervlak verwijder is. Dien op dieselfde dag toe as wat bome afgesaag is. Stompe wat uitloop na behandeling moet korter afgesaag of geringuleer word om die totale kambium bloot te lê vir verdere behandeling.
- 'n Pluiserige soort hergroei mag voorkom wat normaalweg terugsterwe. Indien nie, verwijder met die hand of spuit met 'n 1,5 % oplossing met die nodige voorsorg om wegdrywing na nuutgevestigde saailinge te voorkom.
- Ander spesies as *Eucalyptus grandis* mag wisselvallig reageer op **MAMBA* DMA 480 SL** en 'n herbespuiting mag nodig wees.

TABEL 6: NIE-GEWAS EN INDUSTRIËLE GEBRUIK

GEBIED	DOSIS (λ/ha)	OPMERKINGS
Alle nie-gewas gebiede	0,75 tot 2,2	Slegs eenjarige onkruid. (Sien Tabelle 1 en 2 vir besonderhede)
	1,5 tot 7,5	Sal die meeste een- en meerjarige onkruide beheer. Kolbespuit hergroei soos aanbeveel waar nodig. Sien Tabelle 1, 2 en 4 vir spesifieke onkruide. Gebruik MAMBA* DMA 480 SL in 'n tenkmengsel met residuale onkruiddoders (Diuron en Simasien) volgens die aanbevole dosisse. (Sien MENGBAARHEID vir komplimentêre onkruiddoders).

TABEL 7: GEWASAANBEVELINGS

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
VOORSORGMAATREËLS: Voorkom sput- of sproeinewelkontak met blare, groen en jong bas van stamme asook vrugte. Moenie MAMBA* DMA 480 SL in kwekerye of op of oor of naby kwekery plantmateriaal aanwend nie. Laat 'n periode van 10 dae toe na snoei, of verwydering van laaghanginge takke en/of suiers, alvorens onkruide in meerjarige gewasse bespuit word. Verseker dat wonde goed verseël is alvorens gespuit word.		
Amandels Aalwyne Appels Appelkose Avokados Piesangs Brame Kersies Sitrus Koffie Sagtevrugte Wingerde Grenadella Koejawel Hops Kiwigrukte Lietjies Makadamia neutae Veselperskes Kaalperskes Olywe Papajas Perskes Pere Pekanneute Pynappels Pruime Turksvye Pruimedante Kwepers Sisal Tee	Eenjarige onkruid: Sien spesifieke dosisse in Toedienings Tabelle 1 en 2. Meerjarige onkruid: Sien spesifieke dosis in Tabel 2. Residuele onkruid-beheer: Verwys na geregistreerde middels per gewas. Onkruide nie deur MAMBA* DMA 480 SL alleenlik beheer nie: Verwys na Tabel 2 vir moontlike mengvennote op relevante gewas geregistreer.	<p>BOORDE: Gebruik alleenlik in boorde ouer as 3 jaar en dan alleenlik as 'n gerigte bespuiting.</p> <p>JONG BOOMPIES MET GROEN BAS: (gewoonlik jonger as vier jaar): Beskerm die stamme teen sputkontak.</p> <p>PIESANGS: Beskerm suiers en groen stamme teen sputkontak.</p> <p>BRAME: Gebruik slegs bestryktipe toerusting. Vermy kontak met gewas.</p> <p>PYNAPPELS EN TURKSVYE: Dien alleenlik toe as 'n gerigte tussenrybespuiting.</p> <p>WINGERD: Dien slegs toe op wingerd ouer as 2 jaar. Dien voor bot toe gerig op die onkruide.</p> <p>BOSTOK EN LAAGOPGELEIDE WINGERD ONDER 60 cm HOOG: Dien toe in die vroeë Lente, slegs voor bot. Moet nie op vars snoeiwonde toedien nie.</p> <p>SISAL: Dien toe tussen volwasse plante.</p>

TABEL 7: GEWASAANBEVELINGS (VERV)

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
APPELS PERE WINGERD	MAMBA* DMA 480 SL tenkmengsel met Simasien MAMBA* DMA 480 SL tenkmengsel met MCPA 400 SL (Kaliumsout) Vroeë winter (Onkruid kleiner as 15 cm): $1,1 \lambda + 3,0 \lambda$ MCPA 400 SL/ha Laatwinter (Onkruid kleiner as 30 cm): $1,5 \lambda + 4,0 \lambda$ MCPA 400 SL/ha	<p>Residuele beheer: Dien die aanbevole tenkmengsel van MAMBA* DMA 480 SL en Simasien toe. Voeg 2 kg ammoniumsulfaat, of alternatiewe bronne van ammonium sulfaat soos in die MENGBAARHEID gedeelte van hierdie etiket beskryf, per 100 λ spuitvolume by om mengbaarheid te verbeter, volg met MAMBA* DMA 480 SL en daarna Simasien.</p> <p>Dien toe wanneer onkruid soos tongblaar (<i>Plantago lanceolata</i>) en Turksnael (<i>Erodium moschatum</i>) jonk is en aktief groei.</p> <p>Die kombinasie word nie vir Kiesieblaar (<i>Malva parviflora</i>), Gousblom (<i>Arctotheca calendula</i>), Hawersaadgras (<i>Erharta spp.</i>), Slangekruid (<i>Echium vulgare</i>), Raagras (<i>Lolium spp.</i>), Sydissel (<i>Sonchus oleraceus</i>) en Predikantsluis (<i>Bromus spp.</i>) aanbeveel nie.</p> <p>Gebruik die hoër dosis vir Klawer (<i>Medicago polymorpha</i>), Koperdraad (<i>Polygonum aviculare</i>) en Steenboksuring (<i>Rumex angiocarpus</i>).</p>
APPELS PERSKES NEKTARIENS PRUIIME	MAMBA* DMA 480 SL tenkmengsel met SANZO 780 WP. Gebruik dosisse soos op etiket aanbeveel.	Vir residuele beheer dien 'n tenkmengsel van MAMBA* DMA 480 SL en SANZO 780 WP toe.
BEWERKBARE GROND	Eenjarige onkruide: Sien Tabelle 1 en 2 Meerjarige onkruide: Sien Tabel 2	Gebruik MAMBA* DMA 480 SL na oes van die vorige gewas, maar voor opkom van die nuwe gewas.
SUIKERRIET		Sien TABEL 8.
GLIFOSAAT-VERDRAAGSAME MIELIES		Sien TABELLE 12 en 13.

TABEL 8: SUIKERRIET

GEBRUIK	DOSIS	OPMERKINGS
Laaste ratoenuitwissing (Minimum bewerking)	6,0 tot 7,5 λ/ha	Laat hergroei toe tot 45 cm hoogte na laaste ratoen (stoelstadium voltooi). Dien 100 tot 400 λ/ha mengsel toe sodra halms verskyn.
Kombinasie bewerking - laaste ratoenuitwissing	3,0 tot 6,0 λ/ha. Gebruik die hoér dosis op vrugbare gronde waar hergroei 'n probleem kan wees.	Spuit MAMBA* DMA 480 SL op 35 tot 100 cm hoë hergroei van die laaste ratoen. Na 1 tot 10 dae, sny die stoel op 'n diepte van tussen 10 en 15 cm onder die grondoppervlak met 'n lem of soortgelyke implement. Hierdie behandeling sal ook sekere gras- en breëblaaronkruide beheer.
Koluitwissing	7,5 % oplossing	Dien gerig toe op blare van besmette (bv. brand) of aftipe plante.
Voor-plant	Eenjarige onkruid: 0,75 tot 2,2 λ/ha Sien Tabelle 1 en 2.	Dien toe op eenjarige aktiefgroeiende onkruide.
	Meerjarige onkruid: Sien Tabel 2	Dien toe op aktiefgroeiende meerjarige onkruide.
SUIKERRIET Kolbespuiting rondom landerye	1,5 % oplossing	Direkte bespuiting op aktiefgroeiende plante rondom landerye, telefoonpale, ens.
Suikerriet rypmaking	Grondbespuiting: 560 mL/ha Lugbespuiting: 750 mλ/ha	Dien toe op aktiefgroeiende riet met ten minste 8 groen blare en nie meer as 15 % van die halms in blom in die laatseisoen nie.

NOTAS oor rypmaking van Suikerriet:

Riet ge-oes van April tot Julie: Dien toe 6 tot 8 weke voor oes.

Riet ge-oes van Oktober tot Januarie: Dien toe 4 tot 6 weke voor oes.

Moet nie probeer om riet ryp te maak wat onder stremming verkeer nie.

Moet nie lande bespuit wat vir saaddoeleindes gekap word nie.

MAMBA* DMA 480 SL sal suikerriet ryp maak wat beskou word as volgroei (tot op 90 % suiwerheid), maar die beste resultate word verkry as rietkwaliteit laag is (jong onvolwasse riet of vroeg en laat in die meulseisoen).

Hou aan met besproeiing so lank as moontlik na toediening, waarvan toepassing, voordat afdroogperiode 'n aanvang neem.

Alle bestaande goedgekeurde kommersiële kultivars kan rypgemaak word.

Die grootste sukrose toename is gekonsentreer in die boonste nodes met maksimum by die basis van die vierde blaarskede.

Chemiese aktiwiteit, partykeer sigbaar binne 3 tot 4 weke na toediening, is soms waarneembaar as 'n effense vergeling vroeg in die seisoen en knopswel asook syspruiting in laat-seisoenriet. Knopgroei stop en spildood mag ook voorkom.

Oorstaanriet mag meer halms ontwikkel en/of halms wat verpot voorkom met vergeling op die blare, wat sal uitgroei.

TABEL 9: GROEIREGULERING (CHEMIESE SNY)

(Die groei en blom van verskeie onkruide soos onder gelys kan gereguleer word deur die toediening van sub-lelale dosisse van MAMBA* DMA 480 SL nadat die plante afgesny is.

ONKRUID	GEWONE NAAM	DOSIS (mℓ / ha)	OPMERKINGS
EENJARIGE ONKRUIDE EN SAAILINGE		150 – 750	Goed ontwikkelde eenjarige onkruide, saailinge en jong plante mag beheer word.
TWEEJARIGE EN MEERJARIGE BREËBLAARONKRUIDE: <i>Erodium moschatum</i> <i>Malva parviflora</i> <i>Plantago lanceolata</i>	Turksnael Kiesieblaar Tongblaar	450 – 600 450 – 600 450 – 600	NOTAS (van toepassing op ALLE onkruide gelys in hierdie Tabel): Dien MAMBA* DMA 480 SL 5 tot 10 dae na afsny toe. Gebruik korter tussenposes in die Lente en Somer tydens meer aktiewe groei.
MEERJARIGE POLGRASSE: <i>Bromus unioloides</i> <i>Digitaria eriantha</i> <i>Festuca spp.</i> <i>Hyparrhenia hirta</i> <i>Lolium spp.</i> <i>Paspalum dilatatum</i> <i>Paspalum urvillei</i> <i>Sporobolus africanus</i>	Reddingsgras Smutsvingergras Swenkgras Dektamboekiegas Raaigras Gewone Paspalum Langbeen Paspalum Rotstert fynsaadgras	300 – 600 300 – 750 300 – 600 300 – 750 300 – 600 300 – 600 300 – 600 450 – 750	Toediening behoort 2 tot 4 meganiese snyte vervang afhangende van dosis, spesie en klimaatstoestande. Hoër dosisse sal groei langer onderdruk met 'n gepaardgaande hoër voorkoms van aanvanklike chlorose (vergeling). Meerjarige grasse is meer sensitief vir MAMBA* DMA 480 SL in die Herfs. 'n Groter mate van chlorose kan dus verwag word. Gebruik 'n laer dosis om dit te voorkom.
MEERJARIGE KRUIDGRASSE: <i>Cynodon dactylon</i> <i>Pennisetum clandestinum</i>	Gewone kweek Kikoejoe	300 – 750 150 - 450	Gebruik die laer dosis op grasse gedurende laat Lente en Somer in vrugteboorde en wingerde in die Winterreënvalgebied, waar die tussenry nie besproei word nie (bv. Drupbesproeiing). Moet nie toedien op plante wat onder stremming verkeer nie, bv. Droogte, versuip, ens. Verwyder oortollige plantmateriaal na sny voor bespuiting. Dien 50 tot 200 ℥ / ha sputtvolume toe en verseker 'n egalige druppelverspreiding op die teikenblare.
ALLE ONKRUIDE GENOEM IN TABEL 9 BO		Tot 450	Vir opvolgbehandelings gebruik die laagste dosis gelys bo vir elke spesifieke onkruid.

TABEL 10: WEIDINGSVESTIGING

SITUASIE	OPMERKINGS
Meerjarige rankgrasbesmetting: Konvensionele meganiese en chemiese vestiging: Ligte druk	Berei saadbed voor. Laat meerjarige rankgras en eenjarige onkruid ontkiem. Dien MAMBA* DMA 480 SL toe volgens aanbevole dosisse vir onkruidsppektrum (sien Tabelle 1 en 2). Saai nuwe weiding alleenlik sodra minimum wagtydperk soos voorgeskryf onder voorplant onkruidbeheer in Algemene Inligting afdeling van hierdie etiket nagekom is.
Hoë druk	Bewerk die onkruid en laat hergroei toe. Spuit dan die aanbevole dosis. Laat 7 dae toe voor 'n tweede bewerking, saadbedvoorbereiding en plant/saai nadat MAMBA* DMA 480 SL alleen gespuit is.
Onkruidbeheer voor saai:	Nuut-ontkiemende onkruid kan beheer word met 0,75 tot 2,2 λ/ha. <i>Cyperus spp.</i> benodig 4,5 λ/ha (Sien Tabelle 1 en 2). Saai die nuwe weiding alleenlik sodra minimum wagtydperk soos voorgeskryf onder voorplant onkruidbeheer in Algemene Inligting afdeling van hierdie etiket nagekom is.
Direkte plant (Weiding vervanging en veldverbetering)	Verminder plantmateriaal deur af te sny of te bewei, 3 tot 4 weke voor toediening van MAMBA* DMA 480 SL op hergroei. Plant die nuwe weiding 3 tot 4 dae na toediening, waar die planter nie die saad met die bogrond vermeng nie.
Instandhouding van weiding	Beheer een- en meerjarige onkruide in weidings deur kolbespuitings met 'n 1,5 % oplossing of gebruik 'n bestryktipe toediener waar onkruid bokant die weiding uitsteek (sien Tabel 11).

NOTAS:

- * Gebruik die aanbevole dosis om meerjarige (Tabel 2) en eenjarige (Tabelle 1 en 2) onkruide te beheer tydens die opknapping van gevestigde weidings.
- * Gebruik konvensionele of direkte plantmetodes. Verseker dat geil onkruidgroeи nie verhoed dat teikenplante benat word nie.
- * Moet nie ou, swaar gevestigde Kikoejoe of Gewone kweek met verminderde groen blaaroppervlak bespuit nie. Brand die grasmassa aan die einde van die winter. Laat hergroei en bespuit dan in die laat somer vir herfsvestiging van die nuwe weiding.

TABEL 11: BESTRYKTOEDIENING

TIPE TOEDIENER	DOSIS (λ/ha)	OPMERKINGS
Rollertipe handtoedienner	Lewering van 100 tot 150 λ oplossing/ha Eenjariges: 4 % Meerjariges: 8 %	Word aanbeveel waar konvensionele bespuiting onprakties is, bv. laag opgeleide of bosstok wingerde.
Toutipe handmodel of trekkergemonteerde toedienner	Lewering van 2,2 λ/ha of 37 % oplossing	Word aanbeveel in boorde en waar die onkruid- en gewashoogtes verskil, bv. vir beheer van opslag- of laatontkiemende onkruid in boontjies en grondboontjies.

NOTAS:

- Gebruik 'n goedgekeurde bestryktipe toedienner. Die toedieners maak gebruik van absorberende materiaal om die **MAMBA* DMA 480 SL** oor te dra op die plante waarmee dit in aanraking kom.
- Verseker dat die bestrykkoppervlakte skoon gehou word. Die bestrykkoppervlakte MOET NIE in aanraking met die gewas kom nie.

GLIFOSAAT VERDRAAGSAME MIELIES

- Let noukeurig op na en voldoen aan die algemene Waarskuwings, Voorsorgmaatreëls en Gebruiksaanwysings soos op hierdie etiket beskryf omrede hierdie inligting ook geld by die gebruik van **MAMBA* DMA 480 SL** op glifosaat verdraagsame mielies.
- Voordat hierdie produk aangewend word, moet die sputtenk asook alle lyne en filters deeglik skoongemaak word om potensiële kontaminasie van ander onkruiddoders te vermy.
- MAMBA* DMA 480 SL** word aanbeveel vir gebruik op mielieplante, wat 'n geen (erffaktor) wat glifosaat verdraagsaamheid aan die plante verleen, bevat. Die toediening van hierdie produk aan gewas kultivars wat nie uitgewys is as glifosaat verdraagsaam nie, sal ernstige gewasskade, afsterwing of oesverliese tot gevolg hê.
- Vermy kontak van **MAMBA* DMA 480 SL** met blare, groen stamme, of vrugte van gewasse, of enige gewenste plante wat nie die glifosaat verdraagsaam geen bevat nie, aangesien ernstige skade of vernietiging sal volg.
- Lugtoediening van **MAMBA* DMA 480 SL** mag NIE op glifosaatverdraagsame mielies gebruik word nie.
- Spuitkoppe en spuitdruk wat 'n fyn mis lewer, wat onderhewig is aan verdamping en wegdrywing, moet vermy word. Verseker 'n egalige druppelverspreiding oor die teikengebied by 'n spuitvolume van 150 λ/ha of minder.
- Voorkom spuitstofwegdrywing, deur uiterste sorg tydens produktoediening toe te pas, om sodoende skade aan gewenste plante en gewasse wat nie die glifosaat verdraagsaamheid bevat nie, te vermy.

- Indien die mielie glifosaatverdraagsame plantpopulasie wel individue bevat wat nie die glifosaat verdraagsaamheidsgeen bevat nie, dan mag plante ontstaan wat deur **MAMBA* DMA 480 SL** vernietig sal word. Dow AgroSciences kan nie vir sulke gewasskade aanspreeklikheid aanvaar nie, aangesien die saadkwaliteit nie binne ons beheer is nie.
- Gebruik slegs nuwe saad vanaf 'n goedgekeurde saadverskaffer aangesien gewasveiligheid nooit gewaarborg kan word as **MAMBA* DMA 480 SL** gebruik word op aanplantings met oordragsaad wat vanaf 'n vorige seisoen se gewasproduksie teruggehou is nie. Dow AgroSciences aanvaar nie aanspreeklikheid vir skade indien die saad nie deur 'n erkende saadverskaffer gelewer is nie.
- Die onkruidbeheer aanbevelings ten opsigte van glifosaatverdraagsame gewasse word gebaseer op 'n onkruidvrye begin tydens plant. Bestaande onkruide moet deur meganiese bewerking of deur 'n voorplant chemiese snoei ("burn-down") onkruiddoder toediening vernietig word, om so 'n skoon saadbedding met plant te verseker.
- Vroeë onkruidkompetisie kan glifosaatverdraagsame mielies nadelig beïnvloed, daarom moet residuale onkruiddoders tydens plant gebruik word wat later met **MAMBA* DMA 480 SL** opgevolg moet word. Vooropkoms in mielies mag die onkruiddoders WENNER* 700 S EC, Atrasien 500 SC of Suprazine* 600 SC gebruik word, en/of tenkmengsels van die produkte met WENNER* 700 S EC kan gemaak word. Let daarop dat met voor-opkoms toegediende onkruiddoders die saadbed vry moet wees van onkruide en toediening moet geskied binne drie dae na finale saadbedvoorbereiding. Verwys na betrokke produkte se etikette vir volledige aanbevelings.
- Moet nie blaartoegediende voedingstowwe by **MAMBA* DMA 480 SL** spuitoplossings voeg nie.
- Vir glifosaatverdraagsame mielies voeg altyd ammoniumsulfaat tot die spuitwater by soos in die Gebruiksaanwysings (MENGBAARHEID) gedeelte op hierdie etiket aangedui.
- Dien **MAMBA* DMA 480 SL** toe terwyl onkruide klein is (voordat 'n hoogte van 100 mm of die 6 – 8 blaar stadium en/of voor 'n digte onkruidstand bereik is wat kompeterend tot die gewas is).
- Die **MAMBA* DMA 480 SL** dosisse soos aangedui in Tabelle 12 – 13 behoort normaalweg 'n breë spektrum onkruide te beheer, mits toediening geskied volgens onkruid-groeistadiums soos in die Tabelle gespesifieer.
- In glifosaatverdraagsame mielies sal sommige onkruidspesies nie volledig teen die aanbevole dosisse van **MAMBA* DMA 480 SL** beheer word nie en opvolgbespuittings mag nodig wees. Verwys na TABELLE 1 en 2 vir onkruide wat wisselvallig beheer kan word of waar bespuiting van nuwe groei of hergroei van sekere onkruide nodig is.
- Waar onkruide wisselvallig in glifosaatverdraagsame mielies beheer word en herbespuiting nodig is moet die aanbevole dosisse, onkruid- en gewasstadiums asook die metode van toediening gevolg word. Verwys na TABELLE 12 en 13.

TABEL 12: GLIFOSAATVERDRAAGSAME MIELIES

GEWAS	MAMBA* DMA 480 SL DOSIS / ha	ONKRUIDSTADIUM	TOEDIENINGS- EN GEWASSTADIUMS EN BELANGRIKE NOTAS
GLIFOSAAT VERDRAAGSAME MIELIES	1,5 λ	Klein onkruide (minder as 100 mm hoog of tot by 8 blaar stadium)	<ul style="list-style-type: none"> Breedwerpig na-opkoms op mieliegewas vanaf opkoms tot by die V8 stadium (V8 stadium word bereik sodra die eerste plante 8 blare met blaarskedes volledig toegevou om die hoofstam het).
	1,8 λ tot 2,2 λ	Onkruide vanaf 100 – 200 mm hoog of tot by die 12 blaar stadium	<ul style="list-style-type: none"> Breedwerpige toediening van MAMBA* DMA 480 SL op mielies na die V8 stadium mag opbrengsverlies tot gevolg hê. Sodra mielies verby die V8 stadium is, moet 'n gerigte toediening van MAMBA* DMA 480 SL met valarms gedoen word. Dit is om spuitmengsel binne in die kelk en op die reproduktiewe dele te vermy, asook om optimum bedekking op onkruide te verseker. Moet nie MAMBA* DMA 480 SL toedien, algeheel of gerig, as meganiese gewasskade voorkom of deur beweging van spuitapparaat veroorsaak sal word nie of indien haelskade voorkom. Indien opvolgbespuittings met MAMBA* DMA 480 SL nodig is om onkruide te beheer wat wisselvallig beheer is (soos bv. <i>Cyperus esculentus</i>) of nuwe onkruide wat ontkiem het na die eerste bespuiting, dan moet ten minste 10 dae tussen die eerste en tweede bespuitings verloop. Enkele toedienings van MAMBA* DMA 480 SL op die gewas moet nie 2,2 λ produk/ha oorskry nie. Tot twee toedienings van tot 'n maksimum dosis van 2,2 λ/ha per toediening kan toegedien word, mits 'n maksimum kumulatiewe dosis van 4,4 λ/ha MAMBA* DMA 480 SL/ha in een gewas nie oorskry word nie.

TABEL 13: TENKMENGSELS VAN MAMBA* DMA 480 SL ONKRUIDDODER IN GLIFOSAATVERDRAAGSAME MIELIES (Sien NOTAS aan voet van TABEL) VIR NA-OPKOMS TOEDIENING

KLEI %	MAMBA* DMA 480 SL (dosis/ha)	PLUS	RELAY* SUPER 900 EC (dosis/ha)	PLUS	BROADSTRIKE* 800 WG (dosis/ha)
0 – 10	1,5 TO 2,2 λ OF 1,5 to 2,2 λ	+	0,75 λ		–
		+	0,75 λ	+	18 g
11 – 50	1,5 to 2,2 λ OF 1,5 to 2,2 λ	+	1,0 λ		–
		+	0,85 λ	+	25 g

NOTAS:

- Bostaande tenkmengsels sal 'n mate van residuele beheer verskaf. Slegs een toediening per gewas mag toegedien word.
- Behalwe een tenkmengsel toediening mag slegs een ander toediening van **MAMBA* DMA 480 SL** alleen op 'n glifosaat verdraagsame mieliegewas toegedien word, volgens aanwysings in TABEL 12.
- Moet geen adjuvant behalwe ammoniumsulfaat by bostaande tenkmengsels voeg nie.
- Bostaande mengsels mag breedwerpig bo-oor glifosaatverdraagsame mielies toegedien word slegs as mielies die 4 blaarstadium bereik het en slegs tot by die 6 blaarstadium of 40 cm in hoogte.
- Sodra die mieliegewas die 6 blaarstadium of 40 cm in hoogte oorskry gebruik 'n gerigte bespuiting met valarms om verbeterde bedekking van die onkruid te verseker en om te vermy dat sputtoplossing in die kelke van die mielieplante beland.
- Versuin om die toedieningsaanwysings aangaande gewass stadium en toedieningsmetode na te kom mag ernstige gewasskade tot gevolg hê.
- Geen toediening (breedwerpig of gerig) moet gemaak word indien meganiese gewasskade deur beweging van sputtapparaat veroorsaak sal word, of indien haelskade voorkom nie.
- Moet nie bostaande tenkmengsels deur middel van'n kousbalkspuit toedien nie.
- Daar moet ten minste 10 dae verloop tussen twee toedienings waar **MAMBA* DMA 480 SL** alleen voor of na 'n tenkmengsel toediening toegedien is. Verwys na tenkmengsels hierbo in TABEL 13.
- Moet nie mengsels wat BROADSTRIKE* 800 WG bevat aan glifosaat verdraagsame mielies, wat met organofosfaat produkte behandel is, toedien nie. Moet geen organofosfaat produkte vir 6 weke na 'n BROADSTRIKE* 800 WG toediening toedien nie.

Die volgende Registrasies onder Wet 36 van 1947 en Handelsmerke word erken :	
VILLA ATP AMSUL-50 (L7721)	Applied Technical Products CC
ATRASIEN 500 SC (L0498)	Dow AgroSciences, LLC
AURORA 40 WG (L6794)	FMC Chemicals (Pty) Ltd
BROADSTRIKE* 800 WG (L6180)	Dow AgroSciences, LLC
GALLANT* SUPER (L4962)	Dow AgroSciences, LLC
KERB* 500 WP (L0495)	Dow AgroSciences, LLC
MAMBA*	Dow AgroSciences, LLC
RELAY* 750 EC (L3898)	Dow AgroSciences, LLC
RELAY* SUPER 900 EC (L8173)	Dow AgroSciences, LLC
SANZO* 780 WP (L2933)	Dow AgroSciences, LLC
SUPRAZINE* 600 SC (L4846)	Dow AgroSciences, LLC
VELOCITY-DRY (L8330)	Villa Crop Protection (Pty) Ltd
VELOCITY-GLIFO (L7768)	Villa Crop Protection (Pty) Ltd
WENNER* 700 S EC (L3895)	Dow AgroSciences, LLC

© DOW AGROSCIENCES.

Kopiereg in hierdie dokument word voorbehou. Alle ongemagtigde reproduksie word verbied.

24 UUR NOODGEVAL TEL. NO. (032) 533-0716/082-887-8079

TEGNIESE NAVRAE/INLIGTING TEL. NO. (012) 361-8112